HOËRSKOOL STOFFBERG

VAN KRAG TOT KRAG

# HOËRSKOOL STOFFBERG

## GESKIEDENIS

Hoërskool Stoffberg is ‘n Afrikaansmedium sekondêre skool onder beheer van die Gauteng Departement van Onderwys.

Hoërskool Stoffberg het ontstaan op Dinsdag, 15 Oktober 1946, toe ons as Stoffberg Junior Hoërskool van Laerskool Kommando afgestig het met ‘n leerdertal van 195.

Op 31 Januarie 1947 is die nuwe skoolgebou deur die administrateur van Transvaal, genl. JJ Pienaar, ingewy. As gevolg van die groeiende getalle het standerd 6-leerders en hulle onderwysers van die verskeie laerskole President Brand, Brakpan-Oos, Rand Collieries en Withok in 1947 by Stoffberg Junior Hoërskool ingeskakel en sodoende groei die leerdertal tot 401.

Eers in Januarie 1951 word volwaardige hoërskoolstatus aan Stoffberg toegeken.

As gevolg van verdere groeiende getalle in 1952 is die standerd 6-, 7- en 8-dogters oorgeplaas na die nuwe meisieskool in die dorp.

In 1954 is Mnr G W Mollett aangestel as die hoof van Hoër Seunskool Stoffberg.

Samesmelting vind in 1976 plaas tussen die Hoër Seunskool Stoffberg en die Brakpanse Hoër Handelskool.

**HOOFDE**

| | |
|---|---|
| Mnr J H Meyer | 1946 - 1947 |
| Mnr G D S van Heerden | 1948 – 1953 |
| Mnr G W Mollett | 1954 – 1961 |
| Mnr C P Botha | 1962 – 1972 |
| Mnr H J H Rheeder | 1973 - 1976 |
| Mnr C P Wright | 1977 – 1980 |
| Mnr P J Aucamp | 1981 – 1993 |
| Mnr J N Boshoff | 1994 – 2020 |
| Mnr P J de Bruin | Huidige hoof |